BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

*UITGAWE OP GESAG.* OF SOUTH WEST AFRICA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Vrydag, 22 Augustus 1952. WINDHOEK Friday, 22nd August, 1952. No. 1709.

INHOUD

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS—

No. 251. Ordonnansie op Ongeskiktheidstoelaes 1952: Datum van Inwerkingtreding. . 3311

No. 252. Ordonnansie op Blindes 1952: Datum van Inwerkingtreding. . . . . . . 3311

No. 253. Regulasies ingevolge die Ordonnansie op Ongeskiktheidstoelaes. . . . . 3311

No. 254. Regulasies ingevolge die Ordonnansie op Blindes 1952. . . . . . . . 3313

CONTENTS

*Page*

GOVERNMENT NOTICES—

No. 251. Disabilities Grants Ordinance, 1952: Date of coming into Operation. . . . . 3311

No. 252. Blind Persons Ordinance, 1952: Date of coming into Operation. . . . . . 3311

No. 253. Regulations under the Disabilities Grants Ordinance, 1952. . . . . . . 3311

No. 254. Regulations under the Blind Persons Ordinance, 1952. . . . . . . . 3313

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 251.] [22 Augustus 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens artikel *drie-en-twintig* van die Ordonnansie op Ongeskiktheidstoelaes 1952 (Ordonnansie 39 van 1952), te bepaal dat genoemde Ordonnansie op 15 September 1952 in werking sal tree.

No. 252.] [22 Augustus 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens artikel *tien* van die Ordonnansie op Blindes 1952 (Ordonnansie 40 van 1952), te bepaal dat genoemde Ordonnansie op 15 September 1952 in werking sal tree.

No. 253.] [22 Augustus 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *twee-en-twintig* van die Ordonnansie op Ongeskiktheidstoelaes 1952 (Ordonnansie 39 van 1952), die onderstaande regulasies af te kondig.

## Government Notices.

The following Government Notices are published for information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 251.] [22nd August, 1952.

The Administrator has been pleased, in terms of section *twenty-three* of the Disabilities Grants Ordinance, 1952 (Ordinance No. 39 of 1952), to fix the 15th September, 1952, as the date on which the said Ordinance shall come into operation.

No. 252.] [22nd August, 1952.

The Administrator has been pleased, in terms of section *ten* of the Blind Persons Ordinance, 1952 (Ordinance No. 40 of 1952), to fix the 15th September, 1952, as the date on which the said Ordinance shall come into operation.

No. 253.] [22nd August, 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *twenty-two* of the Disability Grants Ordinance, 1952 (Ordinance No. 39 of 1952), to make the under-mentioned regulations:—

## REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP ONGESKIKTHEIDSTOELAES (ORDONNANSIE 39 VAN 1952).

1. Aansoek om ongeskiktheidstoelae ingevolge artikel *vier* moet gedoen word op 'n vorm wat daarvoor verskaf word. (L.W. Vorm D.G. 1.)

2. Elke aansoek om 'n toelae moet onderteken word deur die applikant, of as hy daartoe onbekwaam is, deur iemand wat hy gemagtig het om namens hom op te tree. Elke sodanige handtekening moet in die teenwoordigheid van 'n posmeester, poskantoor-assistent, 'n lid van die polisiemag, of 'n klerk van die distrikspensioenbeampte, op die aansoek aangebring word, en sodanige attesterende amptenaar moet die aansoek by die distrikspensioenbeampte inlewer.

3. (a) Die applikant moet saam met sy aansoek bewys voorlê van sy ouderdom, die tydperk van sy verblyf in die Gebied en sy nasionaliteit.

(b) Bewys van ouderdom moet verskaf word deur middel van 'n geboortesertifikaat of 'n doopseël. As die Sekretaris oortuig is dat daar nòg 'n geboortesertifikaat, nòg 'n doopseël verkrygbaar is nie, kan hy enige ander, bevredigende bewys aanvaar.

(c) Bewys van woonplek kan gelewer word deur middel van getuigskrifte deur verantwoordelike persone oor die tydperk wat die applikant aan hulle bekend is en die plekke waar die applikant in daardie tydperk gewoon het, of op 'n ander wyse ten genoeë van die Sekretaris.

(d) Iemand wat daarop aanspraak maak dat hy 'n Unie-burger deur naturalisasie geword het, moet 'n naturalisasie-sertifikaat toon, of, as hy nie in staat is om so 'n sertifikaat te toon nie, moet hy inligting verstrek oor die datum en plek van sy naturalisasie.

Iemand wat daarop aanspraak maak dat hy 'n Unie-burger is, anders as deur naturalisasie, kan versoek word om die Sekretaris te oortuig dat hy 'n Unie-burger is.

4. Elke applikant om 'n toelae moet op versoek persoonlik voor die distrikspensioenbeampte verskyn om getuienis af te lê en inligting te verstrek oor sy aanspraak.

5. Elke distrikspensioenbeampte moet die juistheid vasstel van die inligting verstrek in elke aansoekvorm wat by hom ingelewer word, en nadat hy dit as juis gesertifiseer het, moet hy dit tesame met alle beskikbare bewyse, insluitende die mediese sertifikaat genoem in regulasie 11, aan die Sekretaris voorlê.

6. Elke distrikspensioenbeampte wat 'n aansoekvorm ontvang ten opsigte van 'n applikant wat in die reël buite sy distrik woon, moet dit deurstuur na die distrikspensioenbeampte binne wie se distrik die applikant in die reël woon.

7. Die Sekretaris of die distrikspensioenbeampte of enige amptenaar wat die Sekretaris of die distrikspensioenbeampte daartoe gemagtig het, kan 'n applikant skriftelik aansê om enige inligting waarom daar in sodanige brief gevra word, en in die besonder om alle boeke, bewysstukke en dokumente voor te lê in verband met die gevraagde inligting of met die applikant se inkomste of met 'n moontlike verband op sy eiendom.

8. Die Sekretaris of die distrikspensioenbeampte kan, na goeddunke, as getuienis vir of teen die aanspraak, die onderstaande aanvaar—

(a) 'n beëdigde of bevestigde verklaring deur enigeen oor wat na sy eie kennis waar is;

(b) enige ander dokumentêre bewys;

(c) die mondelinge verklaring onder eed van enigiemand oor wat na sy eie kennis waar is;

(d) die persoonlike kennis of waarneming van die Sekretaris of distrikspensioenbeampte.

9. Distrikspensioenbeamptes moet applikante deur 'n distriksgeneesheer medies laat ondersoek.

## REGULATIONS UNDER THE DISABILITY GRANTS ORDINANCE No. 39 OF 1952.

1. Application for a disability grant under section *four* shall be on a form to be supplied. (N.B. Form D.G. 1).

2. Every application for a grant shall be signed by the applicant or in the event of his being unable to do so, by some person authorized by him to act on his behalf. Every such signature shall be affixed to the application in the presence of a postmaster, post office assistant, a member of the Police Force or a clerk to a district pension officer, and such a testing officer shall lodge the application with the district pension officer.

3. (a) The applicant shall, together with his application, submit evidence as to his age, the period of his residence in the Territory and his nationality.

(b) Evidence in regard to age shall be in the form of either a birth or baptismal certificate. If the Secretary is satisfied that neither a birth nor a baptismal certificate is obtainable he may accept such other evidence as may satisfy him.

(c) Evidence of residence may be given in the form of certificates by responsible persons as to the period they have known the applicant and as to the places where the applicant was resident during that period, or in such other form as may satisfy the Secretary.

(d) A person who claims to have become a Union National by naturalization shall produce a certificate of naturalization or, if he is unable to produce such a certificate, he shall furnish information as to the date and place of his naturalization.

A person who claims to be a Union National otherwise than by reason of naturalization may be called upon to satisfy the Secretary that he is a Union National.

4. Every applicant for a grant shall when so requested attend personally before the district pension officer to give evidence and furnish information relative to his claim.

5. Every district pension officer shall verify the correctness of the information disclosed in any application form lodged with him and, after he has certified it as correct, he shall submit it, together with all available evidence, including the medical certificate referred to in regulation 11, to the Secretary.

6. Every district pension officer who receives an application form in respect of an applicant who ordinarily resides outside his district shall transfer it to the district pension officer within whose district the applicant ordinarily resides.

7. The Secretary or the district pension officer, or any officer authorized by either of them, may call upon the applicant by letter to produce any information specified in such letter and in particular to produce all books, vouchers and documents relating to the information required or to the applicant's income or to any mortgage upon his property.

8. The Secretary or the district pension officer may accept as evidence for or against the claim—

(a) an affidavit or sworn or attested declaration made by any person who therein declares to what he knows of his own knowledge to be true;

(b) any other documentary evidence;

(c) the sworn spoken evidence of any person who deposes to what he knows to be true;

(d) the knowledge or observation of the Secretary or district pension officer himself.

9. District Pension Officers shall cause applicants to be medically examined by a district surgeon.

10. Na ondersoek van die applikant moet die distriksgeneesheer 'n mediese sertifikaat uitreik op 'n vorm wat die distrikspensioenbeampte daarvoor verskaf. (L.W. Vorm D.G. 2).

11. Die distriksgeneesheer moet die mediese sertifikaat aan die distrikspensioenbeampte deurstuur, en mag dit geensins aan die applikant oorhandig nie.

12. Wanneer 'n toelae op aansoek van 'n begunstigde verhoog word, geskied sodanige verhoging vanaf die datum van die aansoek. As 'n toelae egter verminder of ingetrek word, geld sodanige vermindering of intrekking vanaf die eerste dag van die maand waarin die beslissing gegee word: Met dien verstande dat as die beslissing op of na die twintigste dag van 'n maand gegee word, dit geld vanaf die eerste dag van die daaropvolgende maand.

13. Toelaes moet maandeliks uitbetaal word, en 'n toelae ten opsigte van 'n bepaalde maand word deur die Sekretaris op sodanige wyse soos hy raadsaam ag op of na die vyf-en-twintigste dag van daardie maand of op enige ander dag van daardie maand, na besluit word, uitbetaal.

14. By afsterwe van 'n begunstigde tussen die vyf-en-twintigste dag of die datum wat vir die uitbetaling van die toelae vasgestel is en die einde van die maand, mag geen uitbetaalde toelae ten opsigte van sodanige tydperk teruggevorder word nie.

15. Wanneer 'n begunstigde om enige rede nie in staat is om sy toelae persoonlik te trek nie, kan uitbetaling op aansoek van die begunstigde gedoen word aan iemand wat behoorlik deur hom gemagtig is. Die uitbetalingsamptenaar kan die toelae aan sodanige gemagtigde uitbetaal op vertoning van—

(a) die begunstigde se skriftelike volmag tesame met sodanige aansoek, behoorlik deur getuies onderteken; en

(b) die sertifikaat van die begunstigde se gemagtigde dat die begunstigde nog leef en in die Gebied woon, op 'n plek in die sertifikaat genoem.

16. As 'n begunstigde in 'n tehuis vir ou mense, hospitaal of ander inrigting onderhou word, kan die Sekretaris die toelae of 'n deel daarvan, aan daardie tehuis, hospitaal of inrigting uitbetaal, en ten opsigte van die uitbetaalde bedrag van sodanige toelae of deel daarvan, 'n kwitansie aanvaar wat geteken is deur 'n verantwoordelike beampte daarvan.

17. As 'n begunstigde die Gebied verlaat moet hy die Sekretaris in kennis stel van die datum van sy vertrek en van die adres waarheen hy vertrek.

18. 'n Applikant of begunstigde wat misnoegd is oor die beslissing of optrede van die Sekretaris, kan hom deur die Sekretaris skriftelik op die Administrateur beroep, en wel binne negentig dae vanaf die datum van die brief waarin die Sekretaris hom in kennis gestel het van die beslissing of optrede waarteen hy in hoër beroep wil gaan.

10. District surgeons shall after examining the applicant issue a medical certificate on a form to be supplied by the district pension officer. (N.B. Form D.G. 2).

11. District Surgeons shall forward the medical certificate to the district pension officer and shall on no account hand over the certificate to the applicant.

12. In the event of a grant being increased as a result of an application by a grantee, such increase shall be given from the date of application. If, however, the grant falls to be reduced or withdrawn such reduction or withdrawal shall have effect from the first day of the month in which the decision is given: Provided that if the decision is arrived at on or after the twentieth day of any month it shall take effect from the 1st day of the following month.

13. Grants shall be paid monthly and a grant in respect of any month shall be paid by the Secretary in such manner as he may deem advisable on and after the twenty-fifth day of that month or on such other day in that month as may be decided.

14. In the event of the death of a grantee between the twenty-fifth day or the date fixed, for the payment of a grant and the end of the month, no recovery shall be made in respect of any payment of a grant made in respect of such period.

15. When a grantee for any reason is unable to appear in person to draw his grant, payment may on the application of the grantee be made to a person duly nominated by him. The paying officer may, on production of—

(a) the grantee's written authority together with such application, duly witnessed; and

(b) the certificate of the grantee's nominee that the grantee is alive and is resident in the Territory at a place mentioned in the certificate,

pay the grant to such nominee.

16. Where a grantee is maintained in any home for old people, hospital or other institution, the Secretary may pay the grant, or any portion thereof, to such home, hospital or institution and in respect of such grant, or portion of such grant, may accept a receipt for the amount so paid signed by an accredited official thereof.

17. If a grantee leaves the Territory he shall notify the Secretary of the date of his departure and the address to which he is proceeding.

18. Any applicant or grantee who is dissatisfied with the decision or action of the Secretary may appeal in writing through the Secretary to the Administrator within ninety days from the date of the letter in which the Secretary informed him of the decision or action appealed against.

---

No. 254.] [22 Augustus 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege* van die Ordonnansie op Blindes 1952 (Ordonnansie 40 van 1952), die onderstaande regulasies af te kondig—

REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP BLINDES (ORDONNANSIE 40 VAN 1952).

*Maatstawwe van Blindheid.*

1. (a) By die toepassing van die Ordonnansie op Blindes 1952, hierna genoem „die Ordonnansie", word iemand as blind beskou as sy gesigsvermoë so beperk is dat hy weens sodanige beperking onbekwaam is om enige werk te verrig waarby gesig 'n vereiste is.

No. 254.] [22nd August, 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *nine* of the Blind Persons Ordinance, 1952 (Ordinance No. 40 of 1952), to make the under-mentioned regulations:—

REGULATIONS UNDER THE BLIND PERSONS ORDINANCE No. 40 OF 1952.

*Criteria of Blindness.*

1. (a) A person shall, for the purposes of the Blind Persons Ordinance, 1952, hereinafter referred to as "the Ordinance", be regarded as blind if his acuity of vision is so restricted that he is unable by reason of such restriction to perform any work for which eyesight is essential.

(b) Die hooftoestand wat oorweeg moet word by die bepaling of iemand blind is, is die gesigsvermoë (dit wil sê, die beste regstreekse gesig verkrygbaar met elke oog afsonderlik, of met albei oë tesame waar albei oë nog kan sien, volgens Snellen se toets en met die focus bebehoorlik gekorrigeer), maar die ander toestande wat in hierdie regulasies uiteengesit word, moet ook in ag geneem word.

(c) By die bepaling of iemand blind is, moet die mediese praktisyn vasstel of hy binne enigeen van die onderstaande groepe ressorteer:—

*Groep 1—Persone met 'n gesigskerpte onder 3/60 Snellen—*

Oor die algemeen kan iemand met 'n gesigskerpte van minder as 3/60 Snellen as blind beskou word.

*Groep 2—Persone met 'n gesigskerpte van 3/60 maar onder 6/60 Snellen—*

Iemand met 'n gesigskerpte van 3/60 maar minder as 6/60 Snellen—

(i) kan as blind beskou word as die gesigsveld verminder is tot vyftig persent van die normale gesigsveld, met die middelgedeelte van die gesigsveld onaangetas, maar

(ii) behoort nie as blind beskou te word nie as die gesigsgebrek reeds lank bestaan en nie met aansienlik inkrimping van die gesigsveld gepaard gaan nie, soos byvoorbeeld by gevalle van aangebore nystagmus, albinisme, bysiendheid, ens.

*Groep 3—Persone met 'n gesigskerpte van 6/60 Snellen of meer—*

Iemand met 'n gesigskerpte van 6/60 Snellen of meer moet gewoonlik nie as blind beskou word nie, maar kan as blind beskou word as die gesigsveld ingekrimp het tot vyf-en-twintig persent van die normale gesigsveld en as die onderste deel van die gesigsveld gekrimp het tot vyftig persent van sy normale grootte; maar iemand wat ly aan homonymense of bi-temporale hemianopia met behoud van sentrale gesigskerpte van 6/18 Snellen of hoër moet nie as blind beskou word nie.

(d) Die graad van lig van toetstipes moet ongeveer, maar ook minstens, tien voetkerse wees.

(e) Die toets wat toegepas word, moet die Snellentoets wees, maar by twyfel moet daar verdere toetse gebruik word insluitende dié met die oogspieël en die toetsing van reflekswerkings.

*Mediese Ondersoek en geneeskundige of heelkundige behandeling.*

2. Die Kommissaris kan die betaling uit staatsinkomste magtig van noodsaaklike onkoste in verband met die vervoer van 'n applikant of van 'n pensioentrekker, tesame met 'n oppasser waar nodig, vanaf die sentrum waar hy woon na 'n ander sentrum vir die doel van mediese ondersoek, of geneeskundige of heelkundige behandeling, en van 'n onderhoudstoelaag vir so 'n applikant en sy oppasser vir die tydperk waarin hulle van hul woonplekke afwesig is in verband met daardie ondersoek of behandeling.

3. Aansoek om 'n pensioen ingevolge die Ordonnansie moet geskied op 'n vorm wat verskaf word deur die amptenare genoem in regulasie 4. (L.W. Vorm B.P. 1).

4. Elke aansoek om 'n pensioen moet deur die applikant onderteken wees, of as hy nie daartoe in staat is nie, dan deur sy gevolmagtigde. Elke sodanige handtekening moet in die teenwoordigheid van 'n posmeester, poskantoorassistent, 'n lid van die polisiemag of 'n klerk van die distrikspensioenbeampte op die aansoek aangebring word, en so 'n attesterende amptenaar moet die aansoek by die distrikspensioenbeampte inlewer.

(b) The principal condition to be considered in determining whether a person is blind shall be the visual acuity (i.e. the best direct vision obtainable with each eye separately or both together, where both are present, as tested by Snellen's test and with focus properly corrected), but regard shall also be paid to the other conditions set out in this regulation.

(c) The medical practitioner shall, for the purpose of determining whether a person is blind, ascertain whether such person falls within any of the following groups:—

*Group 1.—Persons with an acuity of vision below 3/60 Snellen.*

In General a person with visual acuity below 3/60 Snellen may be regarded as blind.

*Group 2.—Persons with an acuity of vision of 3/60 but below 6/60 Snellen.*

A person with visual acuity of 3/60 but less than 6/60 Snellen—

(i) may be regarded as blind if the field of vision is reduced to fifty per cent. of the normal field of vision, with the central portion of the field of vision unimpaired, but

(ii) should not be regarded as blind if the visual defect is of long standing and is unaccompanied by any material contraction of the field of vision, for example, in cases of congenital nystagmus, albinism, myopia, etc.

*Group 3.—Persons with an acuity of vision of 6/60 Snellen or above.*

A person with visual acuity of 6/60 Snellen or above shall ordinarily not be regarded as blind, but may be regarded as blind if the field of vision is contracted to twenty-five per cent. of the normal field of vision and if the lower part of the field of vision has been contracted to fifty per cent. of its normal dimensions; but a person suffering from homonymous or bi-temporal hemianopia retaining central visual acuity of 6/18 Snellen or above shall not be regarded as blind.

(d) The degree of illumination of test types shall be approximately, and not less than, ten foot-candles.

(e) The Snellen test shall be the test to be applied, but in case of doubt further tests shall be applied including testing by the opthalmoscope and the testing of reflex actions.

*Medical Examination and Medical or Operative Treatment.*

2. The Commissioner may authorize the payment out of revenue of any necessary expenses in connection with the transportation of an applicant or of a pensioner, together with an attendant, if necessary, from the centre in which he resides to another centre for the purpose of medical examination or medical or operative treatment, and of a subsistence allowance for such applicant and his attendant for the period during which they are absent from their residences in connection with such examination or treatment.

3. Application for a pension in terms of the Ordinance shall be made on a form to be supplied by the officials mentioned in regulation 4. (N.B. Form B.P. 1).

4. Every application for a pension shall be signed by the applicant or in the event of his being unable to do so, by some person authorized by him to act on his behalf. Every such signature shall be affixed to the application in the presence of a postmaster, post office assistant, a member of the Police Force or a clerk to a district pension officer, and such attesting officer shall lodge the application with the district pension officer.

5. (a) Saam met sy aansoek moet die applikant bewys voorlê van sy ouderdom, die tydperk van sy verblyf in die Gebied en sy nasionaliteit.

(b) Bewys van ouderdom moet verskaf word deur middel van 'n geboortesertifikaat of doopseël. As die Kommissaris oortuig is dat daar nòg 'n geboortesertifikaat nòg 'n doopseël verkrygbaar is, kan hy enige ander bevredigende bewys aanvaar.

(c) Bewys van woonplek kan gelewer word deur middel van getuigskrifte deur verantwoordelike persone oor die tydperk wat die applikant aan hulle bekend is en die plekke waar die applikant in daardie tydperk gewoon het, of op 'n ander wyse ten genoeë van die Kommissaris.

(d) Iemand wat daarop aanspraak maak dat hy deur naturalisasie 'n Unie-burger geword het, moet 'n naturalisasiesertifikaat toon, of, as hy nie in staat is om so 'n sertifikaat te toon nie, moet hy inligting verstrek oor die datum en plek van sy naturalisasie.

Iemand wat daarop aanspraak maak dat hy 'n Unieburger is anders as deur naturalisasie, kan versoek word om die Kommissaris te oortuig dat hy 'n Unie-burger is.

6. 'n Distrikspensioenbeampte moet enige geregistreerde vereniging wat in sy distrik optree, raadpleeg in verband met enige aansoek wat by hom ingelewer word.

7. Elke applikant om 'n pensioen moet op versoek persoonlik voor die distrikspensioenbeampte verskyn om getuienis af te lê en inligting te verstrek oor sy aanspraak.

8. Elke distrikspensioenbeampte moet namens die Kommissaris applikante laat ondersoek deur 'n mediese praktisyn wat gekies word uit die lys genoem in artikel drie van die Ordonnansie.

9. Die mediese praktisyn moet die applikant ondersoek ooreenkomstig die maatstawwe voorgeskryf by regulasie 1, en moet die inligting verstrek, wat aangevra word op 'n vorm verskaf deur die distrikspensioenbeampte (L.W. Vir hierdie doel moet die mediese praktisyn vorm B.P. 2 van die distrikspensionbeampte verkry).

10. Die mediese praktisyn moet die sertifikaat op die genoemde vorm aan die distrikspensioenbeampte stuur, en mag dit geensins aan die applikant oorhandig nie.

11. Elke distrikspensioenbeampte moet die juistheid van die inligting verstrek in elke aansoekvorm wat by hom ingelewer word, vasstel, en nadat hy dit as juis gesertifiseer het, moet hy dit tesame met alle beskikbare bewyse, insluitende die sertifikaat genoem in regulasie *tien*, aan die Kommissaris voorlê.

12. Elke distrikspensioenbeampte wat 'n aansoekvorm ontvang ten opsigte van 'n applikant wat in die reël buite sy distrik woon, moet dit deurstuur aan die distrikspensioenbeampte binne wie se distrik die applikant in die reël woon.

13. Die Kommissaris of die distrikspensioenbeampte of enige amptenaar wat die Kommissaris of die distrikspensioenbeampte daartoe gemagtig het, kan 'n applikant skriftelik aansê om enige inligting waarom daar in sodanige brief gevra word, en in die besonder om alle boeke, bewysstukke en dokumente voor te lê in verband met die gevraagde inligting of met die applikant se inkomste of met 'n moontlike verband op sy eiendom.

14. Die Kommissaris of die distrikspensioenbeampte kan, na goeddunke, as getuienis vir of teen die aanspraak, die onderstaande aanvaar—

(a) 'n beëdigde of bevestigde verklaring deur enigeen oor wat na sy eie kennis waar is;

(b) enige ander dokumentêre bewys;

(c) die mondelinge verklaring onder eed van enigiemand oor wat na sy eie kennis waar is;

(d) die persoonlike kennis of waarneming van die Kommissaris of distrikspensioenbeampte.

5. (a) The applicant shall, together with his application, submit evidence as to his age, the period of his residence in the Territory and his nationality.

(b) Evidence in regard to age shall be in the form of either a birth or baptismal certificate. If the Commissioner is satisfied that neither a birth nor a baptismal certificate is obtainable he may accept such other evidence as may satisfy him.

(c) Evidence of residence may be given in the form of certificates by responsible persons as to the period they have known the applicant and as to the places where the applicant was resident during that period, or in such other form as may satisfy the Commissioner.

(d) A person who claims to have become a Union National by naturalization shall produce a certificate of naturalization or, if he is unable to produce such a certificate, he shall furnish information as to the date and place of his naturalization.

A person who claims to be a Union National otherwise than by reason of naturalization may be called upon to satisfy the Commissioner that he is a Union National.

6. A district pension officer shall consult any registered association which functions in his district concerning any application lodged with him.

7. Every applicant for a pension shall when so requested attend personally before the district pension officer to give evidence and furnish information relative to his claim.

8. Every district pension officer shall on behalf of the Commissioner cause applicants to be examined by a medical practitioner selected from the list referred to in section *three* of the Ordinance.

9. The medical practitioner shall examine the applicant in accordance with the criteria prescribed in regulation 1 and give the information asked for in a form to be supplied by the district pension officer. (N.B. The medical practitioner should procure for this purpose form B.P. 2 from the district pension officer).

10. The medical practitioner shall forward the certificate on the said forms to the district pension officer and shall on no account hand it to the applicant.

11. Every district pension officer shall verify the correctness of the information disclosed in any application form lodged with him and, after he has certified it as correct, he shall submit it, together with all available evidence, including the certificate referred to in regulation *ten*, to the Commissioner.

12. Every district pension officer who receives an application form in respect of an applicant who ordinarily resides outside his district shall transfer it to the district pension officer within whose district the applicant ordinarily resides.

13. The Commissioner or the district pension officer, or any officer authorized by either of them, may call upon the applicant by letter to produce any information specified in such letter and in particular to produce all books, vouchers and documents relating to the information required or to the applicant's income or to any mortgage upon his property.

14. The Commissioner or the district pension officer may accept as evidence for or against the claim—

(a) an affidavit or sworn or attested declaration made by any person who therein declares to what he knows of his own knowledge to be true;

(b) any other documentary evidence;

(c) the sworn spoken evidence of any person who deposes to what he knows to be true;

(d) the knowledge or observation of the Commissioner or district pension officer himself.

15. Wanneer 'n pensioen op aansoek van 'n pensioentrekker verhoog word, geskied sodanige verhoging vanaf die datum van die aansoek. As 'n pensioen egter verminder of ingetrek moet word, geld sodanige vermindering of intrekking vanaf die eerste dag van die maand waarin die beslissing gegee word: Met dien verstande dat as die beslissing op of na die twintigste dag van 'n maand gegee word, dit geld vanaf die eerste dag van die daaropvolgende maand.

16. Pensioene moet maandeliks uitbetaal word, en pensioen vir 'n bepaalde maand word deur die Kommissaris op sodanige wyse soos hy raadsaam ag op of na die vyf-en-twintigste dag van daardie maand, of op enige ander dag van daardie maand, na besluit word, uitbetaal.

17. By afsterwe van 'n pensioentrekker tussen die vyf-en-twintigste dag of die datum wat vir die uitbetaling van die pensioen vasgestel is, en die einde van die maand, mag geen pensioen wat ten opsigte van sodanige tydperk uitbetaal is, teruggevorder word nie.

18. As 'n pensioentrekker om enige rede nie in staat is om persoonlik sy pensioen te trek nie, kan uitbetaling op aansoek van die pensioentrekker gedoen word aan iemand wat behoorlik deur hom gemagtig is. Die uitbetalingsamptenaar kan die pensioen aan sodanige gemagtigde uitbetaal op vertoning van—

(a) die pensioentrekker se skriftelike volmag, tesame met sodanige aansoek, behoorlik deur getuies onderteken, en

(b) die sertifikaat van die pensioentrekker se gemagtigde dat die pensioentrekker nog leef en in die Gebied woon op 'n plek in die sertifikaat genoem.

19. As 'n pensioentrekker in 'n tehuis vir ou mense, hospitaal of ander inrigting onderhou word, kan die Kommissaris die pensioen of 'n deel daarvan, aan daardie tehuis, hospitaal of inrigting uitbetaal, en ten opsigte van die uitbetaalde bedrag van sodanige pensioen, of deel daarvan, 'n kwitansie aanvaar wat geteken is deur 'n verantwoordelike beampte daarvan.

20. Wanneer 'n pensioentrekker die Gebied verlaat, moet hy die Kommissaris in kennis stel van die datum van sy vertrek en van die adres waarheen hy vertrek.

21. 'n Applikant of pensioentrekker wat misnoegd is oor die beslissing of optrede van die Kommissaris, kan hom deur die Kommissaris skriftelik op die Administrateur beroep, en wel binne negentig dae vanaf die datum van die brief waarin die Kommissaris hom in kennis gestel het van die beslissing of optrede waarteen hy in hoër beroep wil gaan.

22. Elke geregistreerde vereniging of goedgekeurde inrigting moet uiterlik op 31 Maart van elke jaar die onderstaande gegewens ten opsigte van die voorafgaande kalenderjaar aan die Kommissaris verstrek—

(i) 'n verslag oor elke koshuis, tehuis, werkplaas of ander plek vir die opname of opleiding van blindes onder sy beheer, en ten opsigte waarvan daar te eniger tyd toelaes ingevolge paragraaf (a) van artikel *sewe* van die Ordonnansie gedoen is;

(ii) 'n staat van sy inkomste en uitgawe en 'n balansstaat;

(iii) 'n opgaaf van die besoldiging betaal aan elkeen wat by daardie vereniging in diens is in verband met die bestuur van sodanige koshuis, tehuis, werkplaas of ander plek en die hoedanigheid van sy diens.

23. (a) Elke staat van inkomste en uitgawe en elke balansstaat wat ingevolge regulasie 22 voorgelê moet word, moet voor sodanige voorlegging geouditeer en gesertifiseer word deur 'n rekenmeester wat die Kommissaris goedgekeur het. 'n Moontlike verslag deur die rekenmeester in sake 'n staat of balansstaat, moet ook aan die Kommissaris verstrek word.

(b) Die geregistreerde vereniging of goedgekeurde inrigting moet alle nadere inligting wat die Kommissaris in verband met enige staat, balansstaat of verslag van die rekenmeester vereis, aan hom verstrek.

15. In the event of a pension being increased as a result of an application by a pensioner, such increase shall be given from the date of application. If, however, the pension falls to be reduced or withdrawn such reduction or withdrawal shall have effect from the first day of the month in which the decision is given: Provided that if the decision is arrived at on or after the twentieth day of any month it shall take effect from the 1st day of the following month.

16. Pensions shall be paid monthly and a pension in respect of any month shall be paid by the Commissioner in such manner as he may deem advisable on and after the twenty-fifth day of that month or on such other day in that month as may be decided.

17. In the event of the death of a pensioner between the twenty-fifth day or the date fixed for payment of pension and the end of the month, no recovery shall be made in respect of any payment of pension made in respect of such period.

18. When a pensioner for any reason is unable to appear in person to draw his pension, payment may on the application of the pensioner be made to a person duly nominated by him. The paying officer may, on production of—

(a) the pensioner's written authority together with such application, duly witnessed; and

(b) the certificate of the pensioner's nominee that the pensioner is alive and is resident in the Territory at a place mentioned in the certificate,

pay the pension to such nominee.

19. Where a pensioner is maintained in any home for old people, hospital or other institution, the Commissioner may pay the pension, or any portion thereof, to such home, hospital or institution and in respect of such pension, or portion of such pension, may accept a receipt for the amount so paid signed by an accredited official thereof.

20. If a pensioner leaves the Territory he shall notify the Commissioner of the date of his departure and the address to which he is proceeding.

21. Any applicant or pensioner who is dissatisfied with the decision or action of the Commissioner may appeal in writing through the Commissioner to the Administrator within ninety days from the date of the letter in which the Commissioner informed him of the decision or action appealed against.

22. Every registered association or approved institution shall furnish to the Commissioner not later than the 31st March in each year, in respect of the preceding calendar year:—

(i) A report on every hostel, home, workshop or other place for the reception or training of blind persons controlled by it and in respect of which a grant-in-aid has at any time been made in terms of paragraph (a) of section *seven* of the Ordinance.

(ii) A statement of its receipts and expenditure and a balance sheet.

(iii) A statement setting out the remuneration paid to every person employed by such association in the conducting of such hostel, home, workshop or other place and the capacity in which he is employed.

23. (a) Every statement of receipts and expenditure and every balance sheet required to be submitted in terms of regulation No. 22 shall before such submission be audited and certified by an accountant approved by the Commissioner. Any report by the accountant on a statement or balance sheet shall also be furnished to the Commissioner.

(b) The registered associations or approved institutions shall supply the Commissioner with any further information he may require in connection with any statement, balance sheet or report by an accountant.

24. Geregistreerde verenigings moet algemeen belang stel in die welsyn van alle blindes, òf regstreeks òf in samewerking met enige ander vereniging, inrigting of persoon, en moet in die besonder—

(a) as die Kommissaris hulle daartoe versoek, reëlings tref vir die ondersoek van 'n blinde deur 'n mediese praktisyn;

(b) blindes aanmoedig om te werk, en wanneer ook al dit wenslik blyk, reëlings tref vir hul opname in koshuise, tehuise, werkplase of ander plekke waar blindes opgeneem of opgelei word;

(c) pogings aanwend om die moontlikhede van werkverskaffing aan, en die opleidingsgeriewe (insluitende opleiding tuis) vir, blindes uit te brei, en van tyd tot tyd, maar minstens een keer per kalenderjaar, oor hierdie aangeleenthede aan die Kommissaris verslag te doen;

(d) op versoek van die Kommissaris opnames doen van die toestande waarin blindes woon of werk.

*Toelaes.*

25. 'n Geregistreerde vereniging of 'n inrigting wat 'n toelae ingevolge paragraaf (a) van artikel *sewe* van die Ordonnansie verlang, moet by die Kommissaris daarom aansoek doen en die onderstaande besonderhede in die aansoek uiteensit—

(i) die doel waarvoor die toelae aangevra word;

(ii) die aard van die geriewe wat reeds in die betrokke gebied ter bevordering van die welsyn van blindes verskaf word;

(iii) die geldelike posisie van die geregistreerde vereniging of inrigting, insluitende 'n staat van sy inkomste en uitgawe gedurende die voorafgaande boekjaar;

(iv) die getal blindes vir wie sodanige vereniging of inrigting reeds voorsiening maak en voornemens is om voorsiening te maak;

(v) enige ander inligting wat moontlik op die aansoek betrekking kan hê.

26. (a) Geen toekenning vir uitbetaling aan 'n blinde van 'n aanvullingstoelae ingevolge paragraaf (b) van artikel *sewe* van die Ordonnansie, mag gedoen word nie, voordat daar deur of namens hom 'n aansoek om so 'n toelae op die vorm B.P. 3 ingelewer is en die distrikspensioenbeampte wat enige geregistreerde vereniging daaroor kan raadpleeg, daaroor verslag gedoen het.

(b) Die aanvullingstoelae wat aan so 'n blinde betaal word, moet geskied teen 'n skaal wat tesame met sy verdienste sy inkomste verhoof tot op 'n bedrag wat die Administrateur as redelike besoldiging beskou vir die soort werk wat hy verrig.

(c) Aanvullingstoelaes moet deur die Administrateur goedgekeur word voordat uitbetaling geskied, en word uitbetaal vanaf sodanige datum, op sodanige grondslag en op sodanige voorwaardes soos hy aandui.

*Woordbepaling.*

27. In hierdie regulasies, tensy dit onbestaanbaar is met die samehang, beteken—

„blinde" enigiemand wat geheel en al of gedeeltelik blind is;

„distrikspensioenbeampte" die distrikspensioenbeampte vir die distrik waarin die applikant gewoonlik woon;

„geregistreerde vereniging" of „inrigting goedgekeur deur die Administrateur" onderskeidelik 'n vereniging geregistreer ingevolge artikel *agt* van die Ordonnansie;

„die Ordonnansie" die Ordonnansie op Blindes 1952;

„Kommissaris" die Pensioenkommissaris wat ingevolge hierdie Ordonnansie aangestel is.

24. Registered associations shall interest themselves generally in the welfare of all blind persons, either directly or in collaboration with any other association, institution or person, and shall especially—

(a) if requested by the Commissioner to do so, arrange for the examination by a medical practitioner of any blind person;

(b) encourage blind persons to work and whenever this appears to be desirable, arrange for their admission to hostels, homes, workshops or other places for the reception or training of blind persons;

(c) endeavour to extend the avenues of employment and training facilities (including home-training) for blind persons and report on these matters to the Commissioner from time to time but not less than once in each calendar year;

(d) make surveys of the conditions under which blind persons are housed or employed whenever requested to do so by the Commissioner.

*Grants-in-Aid.*

25. A registered association or an institution which desires a grant-in-aid in terms of paragraph (a) of section *seven* of the Ordinance, shall submit to the Commissioner an application therefor in which shall be set out the following particulars—

(i) the purpose for which the grant-in-aid is desired;

(ii) the nature of any facilities already provided for the promotion of the welfare of blind persons in the area concerned;

(iii) the financial position of the registered association or institution including a statement of its receipts and expenditure during the previous financial year;

(iv) the number of blind persons for whom provision is already made and is proposed to be made by such association or institution;

(v) any other information which may be relevant to the application.

26. (a) No grant-in-aid in respect of the payment to a blind person of an augmentation allowance under paragraph (b) of section *seven* of the Ordinance, shall be made until an application for such an allowance has been submitted by him or on his behalf, in the form B.P. 3 and has been reported upon by the district pension officer, who may consult any registered association on the matter.

(b) The augmentation allowance to be paid to such a blind person shall be at a rate which, together with his earnings shall increase his income to such an amount as the Administrator may consider to be reasonable remuneration for the class of work upon which he is employed.

(c) Augmentation allowances shall be authorized by the Administrator before any payment is made and shall be payable from such date, on such basis, and subject to such conditions as he may specify.

*Definitions.*

27. In these regulations unless inconsistent with the context—

"blind person" means any person who is totally or partially blind;

"district pension officer" means the district pension officer for the district within which the applicant ordinarily resides;

"registered association" or "institution approved by the Administrator" respectively mean an association registered in terms of section *eight* of the Ordinance;

"the Ordinance" means the Blind Persons Ordinance, 1952;

"Commissioner" means the Commissioner of Pensions appointed under this Ordinance.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by John Meinert Ltd., Windhoek